Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 28 AUGUSTUS 2014 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)	Sedeman, A C (DA)
Cleophas, J H (DA)	Sneewe, A M (ANC)
Cloete, C M (ANC)	Stanley, B J (DA)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)	Traut, L (DA)
Fortuin, C (ANC)	Van der Merwe, J I (COPE)
Humphreys, F S (ANC)	Van der Westhuizen, R F (DA)
Papers, C H (DA)	Van Zyl, M (DA)
Philander, D B (ANC)	Wilskut, W (DA)
Rangasamy, M (DA)	Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom teenwoordigers en versoek Vader J Beck van die Metodiste Kerk om die vergadering met skriflesing en gebed te open.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat in die afgelope maand verjaar, met 'n spesiale woord van gelukwensing aan rdle C M Cloete en B W Geel wat op datum verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle B W Geel en O M Stemele.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

MEDEDELING: Rdl J H Cleophas versoek die Raad om kennis te neem van die "goue dogter" van Darling, naamlik Gezelle Magerman wat tydens die Jeug Olimpiese Spele in China 'n goue medalje in die 400m hekkies met 'n tyd van 57,91 sekondes behaal het en dat die Raad me Magerman gelukwens met die uitstekende prestasie.

3.1 VERKIESING VAN RDL L TRAUT AS WYKSRAADSLID VAN WYK 10 OP DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD (3/1/7)

Bevestiging is vanaf die Onafhanklike Verkiesingskommissie ontvang dat rdl L Traut na afloop van 'n tussenverkiesing in Wyk 10 met ingang van 14 Augustus 2014 as 'n lid van die Swartland munisipale raad verkies is.

Rdl L Traut lê die eed van getrouheid af op versoek van die Speaker.

3.1/...

BESLUIT

(a) Dat die Raad kennis neem van die verkiesing van rdl L Traut as wyksraadslid van Wyk 10 met die tussenverkiesing wat op 13 Augustus 2014 plaasgevind het;

(b) Dat die aanstelling van rdl Traut op die munisipale raad met ingang van 14 Augustus 2014 bevestig word.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 30 MEI 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 30 Mei 2014 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word, onderhewig aan die regstelling van rdl F S Humphreys se voorletters.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 30 MEI 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 30 Mei 2014 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word, onderhewig aan die regstelling van rdl F S Humphreys se voorletters.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 4 JUNIE 2014

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 11 JUNIE 2014
Saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 4 JUNIE 2014

5.3 NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 26 JUNIE 2014

5.4 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 16 JULIE 2014

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 10 APRIL 2014

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 30 APRIL 2014

6.3 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 13 MEI 2014

6.4 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 27 MEI 2014

6.5 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 12 JUNE 2014

6.6 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 18 JUNIE 2014

6.7 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 24 JUNIE 2014

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 GOEDKEURING VAN 'N TYDSKEDULE VIR DIE 3DE HERSIENING VAN DIE GOP EN DIE OPSTEL VAN DIE JAARLIKSE BEGROTING (2/1/4/4/1)

Die tydskedule vir die 3de hersiening van die GOP en die opstel van die jaarlikse begroting is met die sakelys gesirkuleer. Die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 bepaal dat die tydskedule ten minste tien maande voor die aanvang van die finansiële jaar deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgelê moet word.

Rdh T van Essen behandel belangrike datums uit die tydskedule ten opsigte van strategiese sessie wat intern sal plaasvind, maar ook met die provinsiale departemente waarvan die uitkoms deel sal vorm van die *Western Cape Delivery Plan*.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

(a) Dat die tydskedule vir die 3de hersiening van die GOP en die opstel van die jaarlikse begroting kragtens artikel 21(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, goedgekeur word;

(b) Dat die Provinsiale Tesourie en die Departement van Plaaslike Regering in kennis gestel word van die voldoening aan artikel 21(1) van die Wet en van afskrif van die tydskedule voorsien word.

8.2 ADDENDUM TOT AANSTELLINGSBELEID: WERWING, KEURING EN AANSTELLING VAN MUNISIPALE BESTUURDER EN BESTUURDERS WAT DIREK AAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER RAPPORTEER (4/3/B)

Die Addendum tot die Aanstellingsbeleid is onderskeidelik aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee-, sowel as die Arbeidsverhoudingeforumvergadering op 12 Augustus 2014 voorgelê.

Die doel van die Addendum is om die aanstelling van die Munisipale Bestuurder en Bestuurders wat aan die Munisipale Bestuurder rapporteer te rig ooreenkomstig die Regulasies op die aanstelling en diensvoorwaardes van Senior Bestuur, 2014.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die Raad die aangehegte Indiensnemingsbeleid: Werwing, Keuring en Aanstelling van Munisipale Bestuurder en Bestuurders wat aan die Munisipale Bestuurder rapporteer, goedkeur as addendum tot die bestaande Aanstellingsbeleid met onmiddellike effek, onderhewig daaraan dat vakbond-insette wat daaromtrent ontvang word, by die betrokke beleid geïnkorporeer sal word indien dit nodig geag word.

8.3 WYSIGING VAN ORGANISATORIESE STRUKTUUR: VERSKEIE DEPARTEMENTE (4/1/1/2/1)

Artikel 66 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, No 32 van 2000 bepaal dat ‘n munisipale bestuurder ‘n diensstaat vir die munisipaliteit moet ontwikkeling en dat die diensstaat aan die munisipale raad vir goedkeuring voorgelê moet word.

Die voorgestelde wysigings is voorgelê aan die Arbeidsverhoudingeforumvergadering, sowel as aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 12 Augustus 2014, en word dit breedvoerig verduidelik in die verslag tot die sakelys.

Rdl N S Zatu spreek sy kommer uit dat daar nie genoeg vroue en swartmense in die topstruktuur is nie. Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz verduidelik dat die bestuurspan almal permanente aanstellings is, en dat ‘n pos slegs gevul kan word na aftrede, afsterwe of bedanking van ‘n werknemer.

Verder word genoem dat nuwe aanstellings streng volgens die Wet op Gelyke Indiensneming geskied en monitering hiervan deel uitmaak van die prestasiebestuur-stelsel. Mnr J J Scholtz noem ook dat enige aanstelling gedoen word ingevolge die vermoë om die werk te kan doen en volgens die “fit for purpose” beginsel.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die Raad die voorgestelde wysigings van die organisatoriese struktuur, soos aangetoon op bladsye 3, 6, 8, 12 en 16 van die dokument goedkeur.

8.4 VERSLAG AANGAANDE DIE FUNKSIONERING VAN WYKSKOMITEES (3/4/4/1)

‘n Versoek is tydens die *Provincial Public Participation and Communication Forum*-vergadering (PPPCOM) deur die Departement van Plaaslike Regering ontvang om op ‘n gereelde basis aan die Raad verslag te doen aangaande die funksionering van wykskomitees.

Daar word ook besoeke van voormelde departement, sowel as vanaf die Staande Komitee van Provinsie verantwoordelik vir hierdie funksie, aan wykskomitees verwag.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M Rangasamy, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

(a) Dat kennis geneem word van die aangehegte verslag aangaande die funksionering van wykskomitees vir die eerste semester van 2014;

(b) Dat met die opstel van die “Ward Operational Plan” vir 2014 daar van wyksraadslede verwag word om wykskomiteelede aan te moedig om aktief betrokke te raak in die sektore wat hulle verteenwoordig (item 2 van die aanhangsel) en om op ‘n kwartaallikse basis aan die wykskomitee terugvoering te gee;

(c) Dat verder kennis geneem word dat die moontlikheid bestaan dat lede van die Staande Komitee van Provinsie wykskomitees sonder vooraf kennisgewing gedurende die 2de semester van 2014 mag besoek.

8.5 EIENDOMSBELASTING VRYSTELLING VIR DIE 2014/2015 BOEKJAAR SOOS BEPAAL DEUR DIE EIENDOMSBELASTINGSBELEID (5/3/1/3)

Artikel 7(2) van die Eiendomsbelastingsbeleid van Swartland Munisipaliteit lys die kategorieë van eiendomme en vereistes waaraan voldoen moet word om vrygestel te word van die betaling van eiendomsbelasting.

Die Ouditeur-Generaal het versoek dat ter wille van deursigtigheid, die vrystellings aan die Raad voorgelê moet word en bevat die verslag ‘n volledige lys van eiendomme wat gedurende die 2014/2015 finansiële jaar kwalifiseer.

BESLUIT/...

8.5/...

BESLUIT

Dat die Raad kennis neem dat die vrystelling van eiendomsbelasting vir organisasies en instellings wat voldoen aan die vereistes ingevolge artikel 7(2) van die Eiendomsbelastingsbeleid ‘n bedrag van R428 437.93 vir die 2014/2015 finansiële jaar beloop.

8.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN KERKPERSEEL TE MOORREESBURG (12/2/5/2-9/1)

Die Raad beskik oor erf 2001 (groot 4160m²) geleë te Eerstelaan, Moorreesburg.

Die perseel was destyds gesoneer vir kerkdoeleindes en is later terug gekoop vanaf die Volle Evangelie Kerk te Moorreesburg. In 2011 het die Raad goedgekeur dat erf 2001, Moorreesburg onderverdeel word in 8 residensiële erwe (groot tussen ±403m² tot ±674m²) en een erf vir kerkdoeleindes (groot ±1939m²).

Die munisipaliteit ontvang op ‘n deurlopende grondslag navraag oor die beskikbaarheid van kerkpersele te Moorreesburg.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H Papers, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat daar kennis geneem en as sulks bevestig word dat erf 2001, Moorreesburg nie vir ‘n minimum basiese munisipale diens benodig word nie;

(b) Dat die Raad goedkeuring verleen vir die vervreemding van die volgende erf en dat die voorgestelde vervreemding daarvan in die plaaslike media vir kommentaar bekend gemaak word in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom, PK 6067 van 19 September 2003:

- Gedeelte (1939 m² van erf 2001, Moorreesburg)

(c) Dat tenders tesame met ontwikkelingsvoorstelle of besigheidsplanne gevra word indien geen besware teen die voorgenome vervreemding ontvang word nie;

(d) Dat die reserweprys vasgestel word teen R5,00 per m² plus BTW (soos ingevolge ‘n vorige besluit van hierdie Raad in ‘n soortgelyke geval);

(e) Dat die vervreemding van die eiendom onderhewig aan die volgende voorwaardes sal wees (vir insluiting by die verkoopooreenkoms):
- ‘n plek van aanbidding, waarvan die oprigtingskoste nie minder as R300 000 mag beloop nie, op die eiendom opgerig moet word binne drie (3) jaar vanaf datum van oordrag;
- ‘n terugvalklousule, ingevolge waarvan die eiendom kosteloos en vry van enige eise aan die Munisipaliteit terugbesorg moet word indien die bovermelde verbeterings nie binne die driejaar-periode aangebring word nie, of indien die eiendom nie meer vir kerkdoeleindes aangewend sou word nie;
- die koper nie sonder die skriftelike goedkeuring van die Munisipaliteit:
  (i) die eiendom aan enige ander persoon mag oordra nie;
  (ii) oor die eiendom mag beskik nie;
  (iii) aan enige ander persoon ‘n reg mag verleen om die eiendom te gebruik, te beheer of te bestuur nie; of
  (iv) die eiendom op enige wyse beswaar nie.

(f) Dat die koper verantwoordelik sal wees vir die betaling van oordragkoste aan die Raad se Prokureurs.

8.7 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN MUNISIPALE EIENDOM TE ABBOTSDALE (12/2/R)

Die provinsiale gesondheidskliniek te Abbotsdale word tans bedryf vanuit die Abbotsdale gemeenskapsaal.

8.7/...

Die Departement van Gesondheid, sowel as die Munisipaliteit is van mening dat die gebruik van die gemeenskapsaal vir kliniekdoeleindes nie prakties is nie, en dat pasiënte se privaatheid in gedrang kom.

'n Versoek is ontvang vanaf die Departement van Openbare Werke en Vervoer om 'n perseel aan hulle te vervreem vir die oprigting van 'n eie kliniekgebou.

Die onderskeie liggings van die kliniek, naamlik Opsie A (gedeelte van erf 213, Abbotsdale, groot ±1000m²) en Opsie B (gedeelte van erf 213 en 141, Abbotsdale, groot ±800m²) word op 'n kaart tot die sakelys aangedui. Die Departement van Openbare Werke en Vervoer het in 'n skrywe aangedui dat Opsie B aan al hulle behoeftes voldoen.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen ondersteun die bou van 'n gesondheidskliniek op Abbotsdale, maar versoek dat daar onderhandel word om eerder Opsie A aan hulle te vervreem.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

(a) Dat aangesien sowel Gedeelte A, groot ±1000m² van erf 213, Abbotsdale as Gedeelte B, groot ±800m² van erf 213 en 141, Abbotsdale nie benodig word vir die verskaffing van die minimum vlak van munisipale dienste nie en as 'surplus' beskou word tot die vereistes/behoeftes van die munisipaliteit, die Raad goedkeur dat enige van die gemelde gedeeltes uit hoofde van artikel 20(f)(i) van die Municipal Asset Transfer Regulations[1] vervreem word aan die Provinsiale Departement van Openbare Werke, as synde 'n staatsorgaan en vir die oprigting van 'n kliniek;

(b) Dat, op versoek van die Uitvoerende Burgemeester, daar met die Departement van Openbare Werke en Vervoer onderhandel word om eerder Opsie A op gedeelte van erf 213 (groot ±1000m²), Abbotsdale aan hulle te vervreem, ondanks die mededeling van voormelde departement dat Opsie B aan al hulle behoeftes voorsien;

(c) Dat volmag aan die Munisipale Bestuurder (of sy gedelegeerde) verleen word om met die betrokke departement te onderhandel in bostaande verband, asook met betrekking tot die verkoopprys daarvan in ooreenstemming met die markwaarde;

(d) Dat wanneer konsensus bereik is oor welke gedeelte grond vervreem sal word, die voorgenome vervreemding in terme van die Raad se Verordening insake die Administrasie en Bestuur van Onroerende Eiendom in die plaaslike pers geadverteer word vir kommentaar;

(e) Dat volmag aan die Munisipale Bestuurder (of sy gedelegeerde) verleen word om die voorwaardes vir vervreemding van die eiendom in oorlegpleging met die Raad se prokureur te finaliseer;

(f) Dat die koper verantwoordelik sal wees vir die betaling van alle kostes wat uit hierdie transaksie mag voortspruit, ingesluit kostes wat verband hou met die onderverdeling, hersonering en konsolidasie van die grond sowel as vir die sluiting van die relevante gedeelte van die straatreserwe;

(g) Dat reg van toegang tot die perseel ondertussen aan die koper verleen word ten einde beplanning van die gebou te doen.

8.8 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN HUURGEBIED NR. 5, MALMESBURY (12/2/5/2-8/6)

Mnr J A R Loubser huur sedert 1 Januarie 1981 Huurgebied Nr. 5 oor erf 2395, geleë te Irisstraat, Malmesbury vanaf die munisipaliteit ingevolge 'n notariële huurooreenkoms wat op 31 Desember 2024 verstryk.

[1] slegs in Engels uitgegee

8.8/...

Die Raad het reeds op 24 November 2011 goedkeuring verleen dat die gedeelte grond, op versoek van die huurder vanaf die moedererf, erf 2395 onderverdeel word en aan die huidige huurders van die twee skakelwonings vervreem word. Mnr Loubser het nou aangedui dat die bewoners van die twee skakelwonings bereid is om dit oor te koop.

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat die Raad sy besluit van 24 November 2011, om huurgebied Nr. 5 oor erf 2395, Malmesbury aan die huidige huurders te vervreem, bekragtig;

(b) Dat die verkoopprys wat onderverdelingskoste insluit, in lyn gebring word met die huidige markwaarde en maksimum subsidie bedrag betaalbaar naamlik;

- Grond – 587m² = R117 500,00 ÷ 2 (R58 750 per wooneenheid)
- Geboue – 70m² = R140 000,00 ÷ 2 (R70 000 elk)

(c) Dat die nodige onderverdeling- en sosio-ekonomiese opname prosesse van stapel gestuur word.

GETEKEN:
SPEAKER